



SEEDOPRID[®] 600 FS

Reg. no. L10042 Act/Wet no. 36 of/van 1947

A flowable concentrate insecticidal seed 'n Vloeibare konsentraat insekdodende dressing with systemic action for the control of saadbehandelingsmiddel met sistemiese Russian aphids on barley and wheat. werking vir die beheer van Russiese koringluis op gars en koring.

IRAC INSECTICIDE GROUP CODE

4A

IRAC INSEKDODER GROEPKODE

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL

Imidacloprid (chloronicotiny) 600 g/L Imidakloprid (chloronikotiniel)

NET VOLUME/NETTO VOLUME

..... L

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.

Reg. no. 1992/001741/07

21 Viben Street

7560 Brackenfell

T: +27 21 982 1460 F: +27 21 982 5810

infocpt@adama.com

SEEDOPRID[®] is a registered trademark of a company of the ADAMA GROUP.

SEEDOPRID[®] is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROUP.

Batch number

.....

Lotnommer

Date of manufacture

.....

Datum van vervaardiging

UN no.: 3082



WARNINGS

The following number of days should elapse between application and harvest or feeding:

Barley	84 days
Wheat	100 days

Note: When **SEEDOPRID® 600 FS** is used in accordance with the label recommendations, the local maximum residue levels (MRLs) will not be exceeded. However, ADAMA South Africa (Pty.) Ltd. cannot be held responsible if the MRLs (import tolerances) of other countries are exceeded. Please consult the relevant local exporting bodies in this regard.

- Handle with care.
- Poisonous when absorbed through the skin or swallowed or inhaled. Wear gloves when preparing the seed treatment mixture.
- Toxic to fish and wildlife.
- Store in a cool place away from food and feedstuffs.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- In case of poisoning call a doctor and make this label available to him/her.
- Treated seed may be poisonous to seed-eating birds. Therefore, after planting seed should be covered completely with soil to prevent birds from feeding on the seed.
- Treated seed should only be used for planting and never for human consumption or as animal feed.
- To prevent the dispersion of dust from treated seeds a polymer sticker should be added.
- The planter should be calibrated prior to planting with treated seed and checked at regular intervals.
- Only high quality certified seed should be treated. Never treat seed of inbred hybrid plants, experimental hybrids or newly released hybrids without first referring to the manufacturer or seed supplier.
- The emergence of seedlings and the efficacy of the product may be severely affected by a planting depth of more than 50 mm.
- Sufficient soil moisture is necessary during germination for the uptake of the active ingredient.

Although this remedy has been tested extensively under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of the dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale fumes.
- Wash with soap and water after use or accidental skin contact.
- Wash contaminated clothing daily.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before the hands and face have been washed.
- Destroy empty container by perforation and flattening and never use for any other purpose.
- Handle treated seed with care. Clearly mark the bags containing treated seed as 'POISONOUS' and never use this bag for any other purpose.
- Prevent the contamination of food, feedstuffs, drinking water and eating utensils.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING

Inhalation may cause coughing, shortness of breath, bronchospasm, chemical pneumonitis, and lung oedema. Ingestion may cause nausea, vomiting, stomach ache, and diarrhoea.

FIRST AID TREATMENT

Inhalation: Move the person to fresh air and keep warm and at rest. If breathing is difficult, administer oxygen. If the person is not breathing, apply artificial respiration. Immediately obtain medical attention.

Ingestion: Do not induce vomiting. Rinse the mouth with plenty of water. Never give anything by mouth to an unconscious person. Obtain medical attention immediately.

Skin contact: Remove contaminated clothing and wash with soap and water, followed by a warm water rinse. If necessary obtain medical attention.

Eye contact: In the case of eye contact, immediately rinse with clean, cold running water, rinsing for 10 to 15 minutes. If necessary obtain medical attention.

NOTE TO PHYSICIAN

There is no specific antidote. Treat symptomatically and apply supportive therapy. If the product has been ingested, perform gastric lavage and administer activated charcoal.

RESISTANCE MANAGEMENT

SEEDOPRID® 600 FS is a group code 4A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **SEEDOPRID® 600 FS** and other group code 4A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **SEEDOPRID® 600 FS** or any other group code 4A insecticide.

To delay insecticide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of insecticides with the same insecticide group code. Alternate or use tank mixes of products with different insecticide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

Compatibility

SEEDOPRID® 600 FS is compatible with captab.

Mixing instructions

Thoroughly mix the required volume of **SEEDOPRID® 600 FS** with the prescribed volume of water before application to the seed.

When large quantities of seed are treated, automatic seed dressing equipment can be used. However, equipment should be checked at regular intervals to ensure the correct dosage of **SEEDOPRID® 600 FS** is applied.

For the treatment of small quantities of seed, a manually operated drum may be used. The drum is suspended on an offset axle by two pivots and is filled with seed to not more than two thirds the volume of the drum. Once the prepared mixture of **SEEDOPRID® 600 FS** and water has been added to the seed, the lid is closed and the drum rotated slowly for 3–5 minutes to ensure even coating of the seed with the seed dressing.

Seed can be treated directly before planting or even one season prior to planting, provided the seed is stored under cool, dry conditions. When treated at a rate of not less than 230 ml **SEEDOPRID® 600 FS** per 100 kg seed, the stored seed will be protected from the following insects for 12 months:

BOTANICAL NAME	COMMON NAME
<i>Ephestia cautella</i>	Tropical warehouse moth
<i>Rhyzopertha dominica</i>	Lesser grain borer
<i>Sitophilus oryzae</i>	Rice weevil
<i>Tribolium confusum</i>	Confused flour beetle

APPLICATION RATES

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
Barley Russian aphid (<i>Diuraphis noxia</i>)	230 ml/1.6 L water/100 kg seed	Control of 8–10 weeks may be expected, provided that the soil is sufficiently moist to allow uptake of the active ingredient.
Wheat Russian aphid (<i>Diuraphis noxia</i>)	230 ml/1.6 L water/100 kg seed	Control of 8–10 weeks may be expected, provided that the soil is sufficiently moist to allow uptake of the active ingredient.

WAARSKUWINGS

Die volgende aantal dae moet verloop tussen toediening en oes of voer:

Gars	84 dae
Koring	100 dae

Let wel: Wanneer **SEEDOPRID® 600 FS** volgens die etiketvoorskrifte gebruik word, sal die plaaslike maksimum residuvlakke (MRV's) nie oorskry word nie. ADAMA South Africa (Pty.) Ltd. kan egter nie verantwoordelik gehou word as MRV's (invoertoleransies) van ander lande oorskry word nie. Raadpleeg die plaaslike uitvoerbemarkingsliggame hieroor.

- Hanteer versigtig.
- Giftig indien dit deur die vel geabsorbeer, ingesluk of ingeasem word. Dra handskoene wanneer die saadbehandelingsmengsel voorberei word.
- Giftig vir vis en diere.
- Berg in 'n koel plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- In geval van vergiftiging, skakel 'n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom/haar.
- Behandelde saad kan giftig vir saadvretende voëls wees. Dit moet dus deeglik met grond bedek word sodat dit nie deur voëls geëet kan word nie.
- Behandelde saad moet slegs vir plantdoeleindes aangewend word en nooit vir menslike gebruik of as voer nie.
- Om die verspreiding van stof van behandelde saad te voorkom behoort 'n polimeerkliefmiddel bygevoeg te word.
- Die planter moet voor plant met behandelde saad gekalibreer word en met gereelde tussenposes nagegaan word.
- Alleenlik hoë kwaliteit gesertifiseerde saad moet behandel word. Moet nooit saad van ingeteelde basterplante, nuut geteelde of nuut vrygestelde basterplante behandel voordat die vervaardiger of die saadverskaffer eers geraadpleeg is nie.
- Die opkoms van saailinge en effektiwiteit van die produk mag uiters nadelig beïnvloed word as behandelde saad dieper as 50 mm geplant word.
- Genoeg grondvog is nodig tydens ontkieming vir die opname van die aktiewe bestanddeel.

Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, asook die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloed op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie dampe inasem nie.
- Was met seep en water na gebruik of toevallige velkontak.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Moenie eet, drink of rook terwyl die produk vermeng of toegedien word nie of voordat die hande en gesig gewas is nie.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te maak en dit plat te druk. Moet dit nooit vir enige ander doel gebruik nie.
- Hanteer behandelde saad versigtig. Merk die sakke met behandelde saad as 'GIFTIG' en moet nooit weer die sak vir enige ander doel gebruik nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Inaseming mag hoesbuie, kortasem, bronchiospasma, chroniese pneumonitis en edeem van die longe veroorsaak. Inname kan naarheid, braking, maagpyn en diarree veroorsaak.

NOODHULPBEHANDELING

Inaseming: Neem die persoon na vars lug en hou hom/haar warm en rustig. Indien asemhaling moeilik is, gee suurstof. Indien asemhaling ophou, pas kunsmatige asemhaling toe. Kry onmiddellik mediese behandeling.

Inname: Moenie braking veroorsaak nie. Spoel die mond uit met 'n groot hoeveelheid water. Moet nooit enigets per mond gee aan 'n bewustelose persoon nie. Kry onmiddellik mediese behandeling.

Velkontak: Verwyder besoedelde klere en was met koue water en seep en spoel daarna met warm water af. Kry mediese behandeling indien nodig.

Oogkontak: In geval van oogkontak spoel dadelik uit met skoon, koue lopende water. Spoel vir 10 tot 15 minute. Kry mediese behandeling indien nodig.

NOTA AAN GENEESHEER

Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptome en gee ondersteunende terapie. Indien die middel ingesluk is, doen 'n maagspoeling en dien geaktiveerde koolstof toe.

WEERSTANDSWAARSKUWING

SEEDOPRID® 600 FS is 'n groepkode 4A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SEEDOPRID® 600 FS** of enige ander groepkode 4A insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **SEEDOPRID® 600 FS** of enige ander groepkode 4A insekdoder beheer word nie. Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermyn die uitsluitlike herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte met verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, bewerking, biologies) in insekdoderprogramme.

Vir meer spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

Verenigbaarheid

SEEDOPRID® 600 FS is mengbaar met kaptab.

Menginstruksies

Meng die benodigde hoeveelheid **SEEDOPRID® 600 FS** deeglik met die voorgeskrewe hoeveelheid water voordat saad behandel word.

Outomatiese saadbehandelingstoerusting kan gebruik word indien groot volumes saad behandel moet word. Die toerusting moet egter gereeld nagegaan word om te verseker dat die regte dosis **SEEDOPRID® 600 FS** toegedien word.

Vir die behandeling van klein hoeveelhede saad kan 'n drom wat met die hand gedraai word, gebruik word. Die drom word op 'n as gemonteer sodat dit in die rondte kan draai. Die drom word met saad gevul en die hoeveelheid saad oorskry nie twee derdes van die volume van die drom nie. Nadat die voorbereide mengsel van **SEEDOPRID® 600 FS** en water by die saad gevoeg is, word die deksel toegemaak en die drom word stadig vir 3–5 minute lank gedraai, om eweredige bedekking van die saad met die mengsel te verkry.

Saad kan onmiddellik voor plant behandel word, of selfs 'n seisoen voordat dit geplant gaan word, mits dit onder koel, droë toestande geberg word. Indien saad teen minstens 230 ml **SEEDOPRID® 600 FS** per 100 kg saad behandel is, sal die gebergde saad vir 12 maande teen die volgende insekte beskerm word:

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Ephestia cautella</i>	Tropiese graanskuurmot
<i>Rhizopertha dominica</i>	Kleingraanboorder
<i>Sitophilus oryzae</i>	Ryskalander
<i>Tribolium confusum</i>	Malkopmeelkewer

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
Gars Russiese koringluis (<i>Diuraphis noxia</i>)	230 ml/1.6 L water/100 kg saad	Beheer van 8–10 weke kan verwag word indien grondvog sodanig is dat die middel opgeneem kan word.
Koring Russiese koringluis (<i>Diuraphis noxia</i>)	230 ml/1.6 L water/100 kg saad	Beheer van 8–10 weke kan verwag word indien grondvog sodanig is dat die middel opgeneem kan word.